

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (42/11)

Justin Chadwick (28 Oktober 2011)

GESEGDE VAN DIE WEEK “You don’t have degrees of honesty” notice outside church in rural Australia

AUSTRALIË

Ek en die Koningin van Engeland was albei hierdie afgelope week in Australië. Haar Koninklike Hoogheid om die vergadering van die Statebond te open en ek om die “Citrus Australia Conference” by te woon, waar ek ‘n referaat gelewer het. ‘n Hele paar van die afgevaardigdes sou verstaan het as ek my praatjie in Afrikaans aangebied het; Suid-Afrikaners en Zimbabwiërs word hoog geag deur Australiese produsente want baie van ons bestes woon en werk in die Australiese sitrusbedryf. Citrus Australia het ‘n uitstekende konferensie aangebied – hul Raad is passievol en betrokke en hul personeel is toegewyd – ‘n resep vir sukses. Na die konferensie het ek ook ‘n paar plase besoek en my indrukke is as volg:

- Die Australiese sitrusbedryf het die voordeel van ‘n sterk plaaslike aanvraag en Citrus Australia se hulp met bemaking om aanvraag te verhoog.
- Daar is ook druk vir meer aandag aan gehalte; met Citrus Australia se hulp deur middel van opleiding en promovering van vrywillige gehalte spesifikasies (hulle het nie verpligte standaarde nie).
- Daar is baie laat vrugte wat nog steeds in Australië geoes word – beide Valencia tipes en sagte sitrus. In werklikheid sal daar nog vir ‘n paar maande geoes word; met ‘n probleem van “re-greening” van vrugte in Januarie/Februarie (as gevolg van hoë temperature).
- Suid-Afrikaners en Zimbabwiërs het gehelp om tegnologiese verbeteringe in die Australiese bedryf te bevorder.
- Australiese produsente reis baie – baie het al Suid-Afrika besoek.
- Australië het op die Japanse mark in 2011 gefokus, met minder klem op die VSA.
- Arbeid is ‘n aansienlike koste vir Australiese produsente – wat beteken dat boordaktiwiteite in 2011 gerasionaliseer is as gevolg van ‘n besonder swak seisoen in terme van verdienste.
- Meganiese snoei word in meeste boorde gedoen. Dit word grootliks gedryf deur die hoë arbeidskoste – snoei kan tussen AUS\$ 1 en 2 per boom (R7 tot 14 per boom) beloop.
- Meganiese oes vind nog nie plaas nie – selfs in sap-produiserende streke. Volgens produsente kan meganiese oes net werk as ‘n aantal produsente saamwerk omdat die plase klein en die oes-tempo vinnig is (soos gewoonlik is samewerking tussen produsente nie algemeen nie).
- Meganiese verpakking – soos in die pak van vrugte in kartonne – is in groter Australiese pakhuse gesien.

WÊRELD SE BEVOLKING

Vroeër hierdie jaar het die wêreld se bevolking na 7 biljoen mense oorgeslaan; teen 2030 sal dit 8 Biljoen wees; en teen 2050 9 biljoen. Van waar sal hierdie groei plaasvind? 1 biljoen sal in Afrika bygevoeg word en 1 biljoen in Asië. Alhoewel baie van ons nie meer in 2050 hier sal wees nie (en baie van ons selfs nie in 2030 nie) – moet dit inaggeneem word met strategiese besluitneming rakende markontwikkeling. Vir ‘n geruime tyd bevorder ons die idee van GAAN NA DIE OOSTE; Verre Ooste, Midde-Ooste en Oos-Europa. Afrika bied egter ook ‘n interessante dinamika. Die voorhandliggende vraag is of verbruikers ons produk kan bekostig; ongeag die situasie, maak dit sin om die mark verder na te vors – dit is op ons voorstoep en kan ‘n groeiende geleentheid vir die toekoms word.

GEPAK EN VERSKEEP

Tot Week 42 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak	Finaal Verskeep
BRON: PPECB	2009	2010	2011	2010	2011	2011	2011	2010	2010
Pomelo’s	14 m	12.5 m	15.8 m	12.2 m	15.8 m	14.7m	15.8 m	12.5m	12.2m
Sagte Sitrus	6.8 m	7.5 m	6.9 m	7.1 m	6.9 m	7.9m	7.3 m	7.5m	7.1m
Suurlemoene	8.7 m	9.6 m	10.7m	8.3 m	10.2m	9.8m	10.7 m	9.6m	9.4m
Nawels	19.4 m	22.9 m	20.7 m	65.7 m	63.3 m	19.4m	20.7 m	22.9m	22.6m
Valencias	38.5m	46.5 m	42.6 m			42.9m	42.6 m	46.5m	45.9m
	87.4 m	99 m	96.7 m	93.3 m	96.2 m	94.7m	97.1 m	99m	97.2m

* Neem asb kennis dat die syfers van verskeping vir 2011 ALLE lemoene insluit – PPECB kan nie betroubare syfers vir verskeping verskaf nie. Sommige syfers is afwaarts aangepas (pomelo’s) soos ons meer betroubare syfers bekom.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS.
VERSEKER SO ‘N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**